Radio ~~uitsending~~ opgeneem in my kantoor, 13 Mei 1965.

191. Ra. 11 (20)

## WAT VAN DIE AFRIKANER? (31 MEI 1965)

(Deur Prof. H.B. Thom)

Nadat ons verplig was om uit die Statebond te tree, het ek oor die Radio o.a. die mening uitgespreek dat hierdie gebeure, hoe spyt baie van ons daaroor was, op die duur tog ook vir ons voordelig kon wees.

Ek verstout my om te sê dat hierdie vermoede vandag reeds grotendeels bewaarheid is. Op vrywel alle gebiede het Suid-Afrika met groter doelbewustheid en selfstandigheid na vore getree. Op ongekende skaal het ons materiële en geestelike kontakte met die groot wêreld daarbuite opgebou. 'n Mens huiwer om te dink wat die posisie sou gewees het as ons vandag saam met swart state soos Ghana, Zambia en Nigerië in één Statebond saamgebind was.

Die betrekkinge tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende het ook merkbare verandering ondergaan. Ons vind vandag meer openhartigheid tussen die twee groot blanke seksies, en meer bereidwilligheid om as gelyke vennote met mekaar saam te werk. 'n Nuwe gees het kenbaar geword, 'n gees wat vir die Republiek van Suid-Afrika in baie opsigte 'n skone belofte vir die toekoms inhou. Ons verheug ons hieroor, en ons kyk met mooi verwagtings vorentoe.

Maar - en laat ons nugter, eerlik en realisties wees - ondertussen is daar vir die Afrikaner op die breë kulturele terrein tekens wat beslis baie verontrustend is. Is ons vandag nog die kultuurbewuste Afrikaners wat ons twintig jaar gelede was? Ons Afrikaanse Kerke is gevestig en is sterk; ons het ons Afrikaanse skole en universiteite; op staatkundige gebied het ons groot vordering gemaak; ons tradisionele apartheidsbeskouing word in die praktyk deurgevoer; op die ekonomiese terrein het ons aansienlike vooruitgang gemaak; en, bowenal: ons het ons Republiek - ons Republiek wat jarelank soos 'n verre droom gelyk het. Baie Afrikaners voel, en party sê reguit: Wat wil ons dan nog meer hê?

Juis hierin lê vir ons die groot gevaar opgeslote. In ons oorwinning, ons voorspoed en ons welvaart raak ons gerus en selftevrede. Ons besef bv. nie dat dit nou, meer as ooit tevore, nodig is om ons taal te handhaaf nie. Ons besef nie dat ons, ten spyte van ons vooruitgang, op die ekonomiese terrein nog vér agter staan nie. Baie van ons is nie meer bereid om,

fisies/........

fisies en geestelik, te werk en te swoeg soos ons gedoen het toe ons klein en swak en arm was nie. Dit is noodsaaklik dat die Afrikaner vandag met hierdie feite terdeë sal rekening hou. In die verlede het ons gesien dat ons teen swaarkry en armoede bestand was; in die toekoms sal ons moet sien of ons ook teen voorspoed en welvaart opgewasse is.

*************